Transoranje *Instituut vir Buitengewone Onderwys*

Posbus 13383, HATFIELD 0028 – Tel: 012-362 0660 Epos: toibo@imaginet.co.za

Geagte mevrou

Die afgelope jaar het die Instituut werklik die resessie in ons land eerstehands ervaar. Nie net die finansiële skenkings was baie minder as die vorige boekjaar nie, maar ook die aantal skenkings van toileware, skryfbehoeftes, klerasie en nie-bederfbare voedsel het afgeneem.

Die hartseer egter is, dat die getal minderbevoorregte kinders in ons skole tot meer as 40% van die totale leerdertal toegeneem het.

Een skool het 371 leerders waarvan 172 tans hulp ontvang. 71 is 100% kwytgeskeld van enige finansiële verpligtinge, 55 is gedeeltelik kwytgeskeld en 46 se ouers het geen inkomste nie.

Bo en behalwe **Projek Sonskyn** wat jaarliks R800 000 toeken aan die skole, bestuur ons ook kleiner projekte om 'n verskil in kinders se lewe te maak. Dit is met hierdie kleiner projekte waarmee ons u hulp dringend nodig het.

Projek Skoolskoen: 201 kinders is reeds toegerus met 'n paar nuwe skool-skoene. Dit is egter 'n deurlopende projek waar kinders ondersteun moet word.
Wenslys: Finansiële ondersteuning

Projek Volmagie:
Baie kinders kom met 'n leë magie skool toe. Hulle kan nie konsentreer nie en die skool help deur ten minste een ete per dag te verskaf.
Wenslys: Nie-bederfbare voedsel

Projek Warmlyfie:
Kinders kom in die winter sonder warmklere skool toe.
Wenslys: Warm truie of 'n windjekker en handskoene kan 'n reuse verskil maak.

Projek Prinses: Ons het weer twee dogters van Sonitusskool se matriekafskeid geborg.

Projek Waardigheid:
Kinders se ouers kan nie bekostig om die nodige skryfbehoeftes aan te koop nie. Verder is dit ons koshuisleerders wat sukkel omdat hulle nie die nodigste toiletware het nie.
Wenslys: Toiletware en skryfbehoeftes

Solidariteit Helpende Hand het onderneem om ons te help met skooltasse, sanitêre ware asook voedsel vir die Graad R's. Ons het ook 'n skenking van Pep Stores ontvang waarmee ons weer 'n klompie skoolskoene kon aankoop.

Dankie dat ons elke jaar kan vra vir u ondersteuning. Deur ons te ondersteun gee ons HOOP aan soveel minderbevoorregte kinders.

By voorbaat dankie!

Vriendelike groete

Arina Jooste
ARINA JOOSTE
UITVOERENDE BEAMPTE